Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

6 Maart 2017

NUUSBRIEF 9

OPEDAE

Hierdie aangeleentheid kan ons nie genoeg bemark en adverteer nie. Maak seker dat alle belangstellende positiewe Villieria ouers, bure, kollegas en familie kennis neem van ons opedae.

Gr 1 : Woensdag, 8 Maart 2017 om 18:00
Gr R : Saterdag, 11 Maart 2017 van 09:00 tot 11:00

Parkering vir beide geleenthede is op die grasperk met ingang by 30ste Laan se hek.

BULLETJIETJIERUGBY - SNOEPIE

Alle Bulletjierugby-ouers kan ook kennis neem dat die Oorbaansnoepie wel op Maandae- en Woensdaemiddae oop sal wees.

ENTREPRENEURS

Op Woensdag, 8 Maart 2017 kan die Juniors hul verkoopstegnieke kom beproef. Onthou om geen gevaarlike speelgoed of kougomprodukte te verkoop nie.

EISTEDDFOD 2017

Soos reeds in 'n vorige skrywe genoem, oefen die Eisteddfod-leerders as volg:
Gr 4 en Gr 5 oefen Maandae vanaf direk na skool tot 14:30. Gr 6 en Gr 7 oefen op Woensdae direk na skool tot 14:30.

REVUE

Die Seniorgroep sal Woensdag, 8 Maart 2017 slegs tot 15:00 oefen aangesien die saal vir die Graad 1-opedag voorberei word.

STEMOPNAMES

Neem asseblief kennis dat die Junior stemopnamegroep oefen op Dinsdae en Woensdae slegs tot 14:00. Die Seniorstemopnames oefen tot 14:10

FOTO'S

Alle fotogeld moet asseblief voor of op Donderdag, 16 Maart 2017 by Mnr Malan inbetaal wees. Plaas asseblief die **korrekte** bedrag in die koevert.
Boetie-Sussie foto's word op Donderdag, 9 Maart 2017 geneem. Indien u so 'n foto van u kinders wil laat neem, moet u asseblief skriftelik toesteming in die leerders se studiegidse gee vir die neem van genoemde foto's.

RUGBY

Die O/9C en O/10C spanne speel op 7 Maart 2017 wedstryde by Laerskool Rooihuiskraal. Die betrokke spelers sal programme ontvang. Die res van die rugbyspanne speel op
9 Maart 2017 by Laerskool Stephanus Roos. Betrokke spelers sal programme ontvang.

NETBAL

Die netbalhempie en -rompie is beskikbaar by Totiusdal Handelshuis en kan aangeskaf word vir O/10 tot O/12 netbaldogters vir die eerste ligawedstryd op 20 April 2017.
Vriendskaplike wedstryde by Laerskool Stephanus Roos op Donderdag, 9 Maart 2017 vir O/10 tot O/13 spanne. Die dogters sal 'n briefie aangaande vervoer en die program spoedig ontvang.

KANTOORURE

Ons wil net weer Laerskool Villieria se kantoorure onder die ouers se aandag bring, veral dan ook ons nuwe ouers wat hierdie jaar by ons aangesluit het.
Die kantoordienste is beskikbaar vanaf **07:00 tot 15:00**. Ons vra egter vriendelik dat u **voor 14:30** u inbetalings moet doen aangesien die dag se geldsake voor 15:00 afgesluit moet word. U vriendelik samewerking sal waardeer word.

Villiesgroete

_____

D P HAASBROEK
HOOF

Group Pilates Classes

Beginners and pregnant ladies welcome
Moms bring your kids, they can enjoy the play area on the premises. Pre-booking is essential: 0723382072

1405 Starkey Avenue, Waverley (KinderKinetika Practice)

Friday mornings